**Marli Viljoen**
**Gr.12**
**HS Waterkloof**
**Kortverhaal**

# 22 November 1963

Die klank van die koeël trek deur my lyf. Daar is mense wat histeries rondom my skree terwyl my man se bloed teen my klere spat. Dit is 'n gespartel om uit die spervuur uit te kom, want wie weet wanneer die volgende skoot op pad is.

Alles het so vinnig gebeur. Ek speel die gebeure oor en oor deur my gedagtes soos 'n plaat wat onder die naald van 'n platespeler vashaak.

John het sy ikoniese glimlag opgeverf en vir sy mense gewaai. Hy het vooroor geleun om iets in my oor te fluister en so die nuuskierigheid van sy aanhangers geprikkel. Terwyl hy terug draai en ek my oë op die 35ste President van die Verenigde State van Amerika hou, het die slag hom getref.  In en uit by sy keel. Net om daaraan te dink maak my naar.

My oë hou die goue handvatsel van die wagkamer dop. Ek het dié gewoonte aangeleer toe ons Die Wit Huis, ons gesinshuis gemaak het. Met honderde personeel wat daar werk, is dit moeilik om ware privaatheid te kry. Ek het begin om deurhandvatsels dop te hou sodat ek twee sekondes het om myself reg te ruk voor die deur oopvlieg.

Ek moet hom sien. Ek moet by John wees, want enige oomblik kan sy laaste oomblik wees. Hy het my nodig. Die dokters en paramedici het my vriendelik verplig om in die wagkamer te kalmeer. Kalmeer? Kalmeer!  Hulle het 'n paar skroewe los as hulle dink ek sal kalmeer.

Mense sê geen nuus is goeie nuus, maar die onsekerheid skep afskuwelike gedagtes binne-in my.

Ek praat 'n gat in my eie kop as ek dink alles sal goed uitdraai. Die dokter sal die deur oopmaak en glimlag. Die goue knop sal stadig draai en ek sal weet….ek sal wéét.

Ons huwelik is nie perfek nie. Daar was dae wat ek dit sterk oorweeg het om my tassies te pak en die pad te vat. Ek kan nie eers tel hoeveel keer en  myself moes inhou en maak asof ek van niks weet nie. Ek druk maar net my kop in die sand. Dan hoef ek nie te sien hoe  al die aktrises, sekretaresses en kamstige ou familie vriendinne aan John gee wat hy nie van my af wil hê nie. Hollywood se blondepop met haar platinum krulle en flankerende blou oë was gereeld by dieselfde partyties en galas as ons. Niemand kan haar alombekende liedjie vir John se verjaardag vergeet nie. Ek sal dit nooit uit my gedagtes kan kry nie.

*Veels geluk, Meneer, President. Veels geluk.*

Maar hy kom altyd terug. Hy draai elke keer terug na my. Ou Jackie wat nog altyd hier was. Op die ou einde het hy my lief. Daar is geen twyfel daarin nie.

Ek haal nie my oë vir een sekonde van die deur af terwyl ek op die yskoue teëls tot my knieë sak nie. Ek druk my handpalms saam in gebed. Daar is nie ‘n manier hoe ek nóg ‘n gesinslid kan verloor nie. Om ‘n baba, ‘n kind, ‘n stukkie van jou DNS te verloor is traumaties genoeg. Om jou eggenoot, jou man, jou rots ook af te staan… hoe gaan ek oorleef?

Caroline en Johnny het nie ‘n idee wat gebeur het nie. Hoe gaan ek vir hulle verduidelik wat met Pappa gebeur het? Hoe het hy…

*Nee, Jackie. Ruk jouself reg. Dit is nie waaraan die Eerste Dame nou moet dink nie. Onthou dit.*

Die deurknop draai nie en my hart begin vinniger klop.

Doef-angs-doef. Doef-spanning-doef.

Ek kyk af na my klere. Die helder pienk materiaal is met skarlakenrooi kolle gevlek. Hulle het vir my skoon klere aanbied, maar ek het dit van die hand gewys. Nee, hulle moet sien wat hulle gedoen het. Watter gruwel dade en traumatiese nagevolge hulle agtergelos het.

Die deurknop draai en ek spartel tot op my voete. Die dokter maak sy mond oop om iets te sê, maar besluit daarteen.

“Dis beter as jy saam met my kom, mevrou Kennedy.” Sy oë is troebel en sy vingers vroetel met die pak papiere in sy hande.

Ek probeer die knop in keel afsluk, maar ek wen nie die stryd nie. “Nou goed,” my stem bewe en my bene voel lende lam.

Ek volg die dokter deur die kliniese gange. Die reuk van onsmettingsmiddels en die dood brand my neus.

Elf jaar. Meer as ‘n dekade. Dis hoe lank hy al in my lewe is. Ek onthou daardie aand asof dit gisteraand was. Die Barletts het met ‘n plan gewerk. Hulle het dit hul plig gemaak om pasmaat-pasmaat te speel. Min het ek geweet dat my lewe sou verander.

Maar hoe funksioneer jy sonder iemand wat al vir elf jaar in jou lewe is? Iemand wat ‘n doel aan jou lewe gee? Alles wat ek is, gaan saam met hom begrawe word.

As hy…

Die dokter stop voor die deur. Hy maak nie oogkontak met my nie.

“Ek is jammer, mevrou Kennedy.” Hy maak die deur stadig oop en ek hou my asem op.

Dit is tyd om my man te groet.